NUUSBRIEF
16

25 SEPTEMBER
2025

MIDSTREAM COLLEGE PRIMARY PRIMÊR

## BELANGRIKE DATUMS

Druk asseblief op die onderstaande skakel vir die belangrike datums.




## SPORTUITSLAE

Druk asseblief op die onderstaande skakel vir die sportuitslae




## VRYDAG 26 SEPTEMBER

**LAASTE SKOOLDAG VAN DIE KWARTAAL**
Ons leerders sal 'n vasgestelde program volg op Vrydag 26 September. Ons versoek dat leerders piekniekkos en 'n piekniekkombers saambring, aangesien ons gedurende die oggend op 'n stadium na die sportvelde vir ‘n lekker piekniek sal gaan.

**Kleredrag vir Vrydag:** Laat ons ons Suid-Afrikaanse erfenis vier. Leerders is welkom om klere in die kleure van die Suid-Afrikaanse vlag te dra.

Die skool sluit om 10:00 op Vrydag 26 September.
Die skool heropen op Dinsdag 14 Oktober.

## ATLETIEK

Kwartaal 4 is weer tyd vir atletiek. Hiermee inligting om met u beplanning te help.

15, 16 en 20 Oktober:
Oefening

21 Oktober:
P4 Byeenkoms
Plek TBC

23 en 27 Oktober:
Oefening

28 Oktober:
P4 Byeenkoms @ Midstream College

# UIT DIE KANTOOR

**Ouers, help ons asseblief!**
**Bel van die skool af.**
Dit het onder die bestuur se aandag gekom dat al hoe meer leerders hulle goed by die huis vergeet en dan kantoor toe kom om ouers te bel, om dit vir hulle skool toe te bring. Daar staan soms 'n ry kinders by die telefoon in die voorportaal!
Ons versoek ouers vriendelik om hulle kinders te help om al hulle daaglikse goedjies te pak voor die kinders skool toe kom. Gemiddeld 20 tot 30 oproepe word per dag van die kantoor af gemaak. Dit is uiters ontwrigtend vir die kantoor, sowel as onderrig.
Ons beskou dit as deel van die basiese opvoedingproses om 'n verantwoordelikheidsin vir ons kinders te leer.

Die volgende reëls sal vanaf kwartaal 4 geld:

- Geen oproepe sal vanaf die skool toegelaat word om goed wat vergeet is vir die kinders skool toe te bring nie. Dit sluit in: boeke, kos, klere, snoepiegeld, ens.
- Die sekretaresses sal in noodgevalle en uitsonderlike gevalle ouers bel.
- Mediese toestande sal steeds, soos altyd, deur ons skoolsuster aan ouers gekommunikeer word.
- Alle kommunikasie moet asseblief deur die kantoor geskied. (Onderwysers se privaat selfone is nie vir die doel beskikbaar nie.)
- EDANA app is vanaf kwartaal 3 ons amptelike kommunikasie platform. Laai dit asseblief af en registreer op die toepassing. Dankie vir die meerderheid ouers wat dit reeds gedoen het.
- WhatsApp sal stelselmatig uitgefaseer word en teen einde 2025 nie meer amptelik vir skoolsake gebruik word nie.

# ONS GROET VIR MNR HERMANN VAN ASWEGEN

Ons neem met gemengde gevoelens van mnr. Hermann van Aswegen afskeid. Ons is verheug oor sy bevordering tot Hoof van Sport met die pos wat hy by St Luke's College in Bedfordview losgeslaan het. Ons beste wense vergesel hom en sy gesin op hierdie nuwe en opwindende avontuur wat hulle binnekort aanpak.

Ons bedank mnr. Van Aswegen graag vir die dinamiese rol wat hy by Midstream College gespeel het, beide as hoof van ons Wiskundedepartement sowel as sy instrumentele rol in al ons sportkodes. Hy het voorwaar sy merk in ons krieketwêreld gemaak waar hy die afgelope tien jaar verskeie spanne tot groot sukses gelei het. Hy het ook op die Titans-keuringraad gedien en het 'n aktiewe rol as skeidsregter gespeel.

Mnr. van Aswegen, ons waardeer u positiewe bydrae tot Midstream College opreg. Mag u pad vorentoe met nog vele suksesse gevul wees.

# STUDIEMETODEKURSUS

Verseker 'n toekoms vir jou kind deur die korrekte studiemetodes te gebruik. Hierdie kursus sal vir graad 4 – 7 Engelssprekende leerders aangebied word.

Vir meer inligting, klik op die skakel hieronder.

## BIBLIATHON

Kom sluit asseblief op 18 Oktober tussen 10:00 en 12:30 by ons aan vir 'n pret rondte hardloopwedloop.
Ons nooi skole, kerke en klubs uit om spanne van 10 in te skryf om aan hierdie 1 km-rondte wedloop formaat deel te neem.
Baie pryse om te wen.

Meer inligting word op die Google-vorm skakel voorsien.

Hierdie geleentheid is 'n fondsinsameling en alle geld sal aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika geskenk word.
"'n Bybel in elke hand"

Inligtingsblad

## TENNIS: OEFENTYE EN DATUMS VIR KWARTAAL 4

Graad 1: Gewone oefening op Maandae en Vrydae van 13:30 tot 14:00, gaan voort tot MAANDAG 3 NOVEMBER.

Graad 2 – 5: Gewone oefening op Maandae van 14:00 tot 15:00, en spanoefening op Vrydae van 14:00 tot 15:00, gaan voort tot MAANDAG 3 NOVEMBER.

Graad 6 – 7: Gewone oefening op Maandae van 15:00 tot 16:00, en spanoefening van 15:00 tot 16:00 (slegs meisies – seuns sal met proewe besig wees), gaan voort tot MAANDAG 3 NOVEMBER.

Belangrik:
GEEN Woensdagoefening weens tennisproewe.
GEEN oefening vir enige graad of span na 3 November nie.
Proewe sal egter voortgaan tot dit afgehandel is.

## VERANDERING AAN EKSAMENROOSTER

Neem asseblief kennis dat daar veranderinge aan die eksamenrooster aangebring is. **Teken asseblief die nuwe datums in u dagboek aan aangesien die volgende program gevolg sal word**. Let asseblief ook daarop dat 'n rekenaarvraestel nie tydens die eksamensessie afgelê sal word nie. Ons vertrou dat hierdie veranderde reëlings maklik bestuur kan word.

### MIDSTREAM COLLEGE PRIMARY SCHOOL / PRIMÊRE SKOOL

Eksamen / Exams - 2025

| TERM 4 & EXAM | *4/11 | *7/11 | *10/11 | *11/11 | *12/11 | *13/11 | *14/11 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Gr 7 English Shared Assessment | Gr 6 Mathematics<br>Gr 7 English Shared Assessment | Gr 4 Geography<br>Gr 5 Science<br>Gr 6 Mathematics<br>Gr 7 English Shared Assessment | Gr 4 Afr (Taal)<br>Gr 5 Mathematics<br>Gr 6 Afr (Begrip)<br>Gr 7 History | Gr 4 Mathematics<br>Gr 5 Eng (Poetry)<br>Gr 6 History<br>Gr 7 Afr (Begrip) | Gr 4 Science<br>Gr 5 Afr (Taal)<br>Gr 6 Eng (Poetry)<br>Gr 7 Science | Gr 4: English (Comp. + Lang.)<br>Gr 5 History<br>Gr 6 Science<br>Gr 7 Mathematics (Paper 1) |
| | *17/11 | *18/11 | *19/11 | *20/11 | | | |
| | Gr 4 History<br>Gr 5 English (Comp. + Lang.)<br>Gr 6 Afr (Taal)<br>Gr 7 Mathematics (Paper 2) | Gr 4 Afr (Begrip)<br>Gr 5 Geography<br>Gr 6 Technology<br>Gr 7 Geography | Gr 4 Technology<br>Gr 5 Technology<br>Gr 6 Geography<br>Gr 7 Afr (Taal) | Gr 4 Eng (Poetry)<br>Gr 5 Afr (Begrip)<br>Gr 6 English (Comp. + Lang.)<br>Gr 7 Technology | | | |

# TENNISPROEWE

Tennisproewe vir 2026-spanne vind in die 4de kwartaal vanaf Vrydag 17 Oktober plaas.
**Alle belangstellende spelers moet teen DONDERDAG 25 SEPTEMBER inskryf.**

- Belangstellendes moet op enige/alle Maandae en/of Vrydae in kwartaal 4, vir uitspeelwedstryde beskikbaar wees.
- GEEN laat inskrywings sal aanvaar word nie.
- Die uitslag van die proewe bepaal die o. 11- en o. 13-spanne vir 2026.
- ALLE spelers wat gedurende 2025 in spanne gespeel het, moet ook weer inskryf, indien hul vir ’n 2026-span in ag geneem wil word.
- Spelers moet ’n wedstryd op ’n vol baan kan speel, van die agterlyn af kan dien en kan telling hou, alvorens hulle vir ’n posisie in ’n span kan uitspeel.
- Graad 1-spelers sal nog nie in ag geneem word nie.
- Graad 2- tot 4-spelers speel vir 2026 se o. 11-spanne uit.
- Graad 5- tot 6-spelers speel vir 2026 se o. 13-spanne uit.
- Skryf in deur Nicoline Wildenboer, tennisorganiseerder, te WhatsApp (082 486 1950) of ’n e-pos te stuur na nicolinew@midstreamcollege.co.za.
- Gebruik gerus dieselfde kontakbesonderhede vir enige navrae!

# FOTODAG: 15 OKTOBER

Dit is die laaste fotodag van die jaar.
Leerders moet hulle tasse volgens dié dag se rooster pak.

Die foto’s word in somersdrag met baadjie, geneem, behalwe die onderskeie kultuurgroepe, eerste spanne en leerders wat provinsiale kleure verwerf het.

Foto’s wat geneem word is:

- Revue
- Koor
- Strykorkes
- A Capella
- Isicathulo
- Hokkie (seuns en dogters)
- Krieket
- Yadah-leiers
- ANOK-redaksie
- Leiers
- Hoofleiers
- Speech Craft
- Mediamonitors
- Landloop
- Bergfiets
- Muurbal

# GHOLF

Baie geluk aan die volgende seuns en dogter wat Midstream College op die gholfbaan gaan verteenwoordig.

**Seuns**

**A-span**

Christopher Bodill (Graad 6)
Rico Prinsloo (Graad 7)
Nathan Bernade (Graad 7)
Marcus Van der Vyver (Graad 5)

**B-span**

Alexander Botha (Graad 5)
Luke Annandale (Graad 5)
Migael Combrinck (Graad 7)
Callum Petzer (Graad 7)
Reserwes: Cilliers Ponting (Graad 6) en Lian Grobler (Graad 6)
Die spanne kan moontlik na die eerste wedstryd verander. Tellings van die eerste wedstryd sal die spanne vir die tweede wedstryd bepaal.

**Dogters**

**A-span**

Milla Wichman (Graad 7)

# REËLS VIR DIE UITTEKEN VAN ’N LEERDER

Die oomblik wat ’n leerder die skoolterrein betree geld die “in loco parentis” beginsel. “In loco parentis” beteken om op te tree in die plek van ’n ouer wat die toesig en beheer van sy of haar kind aan ’n opvoeder of ’n ander persoon toevertrou het tydens normale binnemuurse of buitemuurse skoolaktiwiteite. (Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996)

- Slegs geregistreerde ouers/voogde op die skoolstelsel mag leerders uitteken tydens skoolure.
- Indien enige ander persoon die leerder kom uitteken, moet die geregistreerde ouer/voog die volgende toestemming vroegtydig per e-pos aan die kantoor, verleen:
  - Naam, van en graad van leerder
  - Rede vir vroeë uitteken
  - Naam en van van die persoon wat die leerder uitteken. Verwantskap bv. ouma, vriend, familielid, ens.
  - ID van uittekenaar (ID of bestuurderslisensie moet tydens uittekening getoon word.)

Dankie vir almal se samewerking om ons kinders veilig te hou!

# SWEM

Die swemproewe vir die o. 8 tot o. 13-swemmers sal Woensdag 15 Oktober en Donderdag 16 Oktober vanaf 14:15 – 15:15 by die skool se swembad plaasvind.

Indien u kind vryslag, borsslag, rugslag en/of vlinderslag* oor ’n afstand van 25 m met gemak en sonder enige hulp kan swem, is hy/sy welkom om aan die swemproewe deel te neem. (* Slegs o. 11 – o. 13)


Voltooi asseblief die Google-vorm teen Vrydag 26 September om 10:00 indien u kind aan die swemproewe wil deelneem.

Neem asseblief die oefeninge en galas in ag wanneer u, u kind se aktiwiteite beplan. Nie-klubswemmers moet ten minste twee skooloefeninge per week bywoon. Klubswemmers moet ten minste een skooloefening per week bywoon.

| Oefeninge<br>9 – 30 Oktober | | |
|---|---|---|
| Maandae | o. 7 & 8 | 13:30 – 14:10 |
| | o. 9 – o. 13 | 14:15 – 15:15 |
| Dinsdae | o. 7 & 8 | 13:30 – 14:10 |
| | o. 9 – o. 13 | 14:15 – 15:15 |
| Woensdae | o. 7 & 8 | 13:30 – 14:10 |
| | o. 9 – o. 13 | 14:15 – 15:15 |
| Donderdae | o. 7 & 8 | 13:30 – 14:10 |
| | o. 9 – o. 13 | 14:15 – 15:15 |

| Galas | |
|---|---|
| 24 Oktober (Vrydag) | 14:30 – 16:30 |
| 31 Oktober (Vrydag) | 14:30 – 16:00 |

# BOEKBESTELLINGS VIR 2026 IS NOU OOP



## DIE UNIFORMWINKEL

Handelsure tydens die vakansie:

| | |
|---|---|
| Vrydag 26 September | 07:00 – 15:00 |
| 27 September – 8 Oktober | Gesluit |
| Donderdag 9 Oktober | 08:00 – 16:00 |
| Vrydag 10 Oktober | 08:00 – 16:00 |
| Maandag 13 Oktober | 08:00 – 17:00 |
| Dinsdag 14 Oktober | 07:00 – 17:00 |
| Vir dringende versoeke, WhatsApp of bel: 064 937 0551 | |

## TUCK IN

Vir u gerief moet aanlynbestellings voor middernag van die vorige dag wat die bestelling benodig word, geplaas word. Ons berei die bestelling die volgende oggend voor en lewer teen 09:00 die bestellings by die graad 1- tot 3- leerders se klaskamers af. Die graad 4- tot 7- leerders kom haal vanaf 10:00 hulle bestellings self by Tuck In.

